## Mathaël se belewenis onderweg na die sterwende vader van Lasarus

**134** Mathaël sê: "Meester, mag ek daarby **ook** daardie eienaardige natuurverskynsel vermeld wat ek en my vader in die ooste gesien opkom het toe ons omstreeks middernag na Bethanië gegaan het?"

[2] Ek sê: "Sekerlik; want dit het baie te make met die gebeurtenis wat jy sewentien jaar gelede in Bethanië beleef het! Begin dus maar!"

[3] Mathaël sê: "Meester, ek sien dat niks in die hele, oneindige skeppingsfeer vir U onbekend is nie! Vir U sou ek daarom die verhaal sekerlik nie hoef te vertel nie, maar ter wille van die ander vriende en broers vertel ek sulke hoër dinge baie graag, veral waar ek merk dat die mense die volste geloof aan my woorde heg. Alles wat ek julle nou sal vertel, het weliswaar `n uiters mistieke en fabelagtige karakter, maar dit neem nie weg nie dat tog alles waar is wat julle sal hoor. Luister dus nogmaals aandagtig na my!

[4] Luister! Dit het teen die einde van die herfs gebeur. Die toppe van die hoë berge was in mis gehul, en `n beslis nie vriendelike noordewind het die dorre blare van die bome deur die lug laat dwarrel; slegs in die ooste was nog `n paar plekke waar die lieflike sterre, asof betraand, na die aarde skyn te kyk. Ek en my vader, wat `n groot vriend van die natuur was, ook as dit onvriendelike dinge doen, het hierdie natuurtafereel tot ongeveer middernag beskou. Toe ons egter aanstaltes maak om die huis binne te gaan, en daarin ons beddens op te soek, sien ons iemand raak wat met haastige treë, met in sy hand `n lantern, gemaak van `n skaap se blaas, regstreeks op ons huis afkom, en dit duur skaars etlike tellings, of `n taamlik bedroefde, nog baie jong man staan voor ons.

[5] Hy sien dadelik dat my vader `n geneesheer is en hy sê op weemoedige toon: ‘Vriend en geneesheer! Ek kom uit Bethanië; my naam is Lasarus, ek is die seun van die ou Lasarus, wat ek bo alles liefhet! Hy het vandag opeens baie erg siek geword en dit is sleg gesteld met hom! Ons rabbi, wat in noodgevalle ook so ietwat van `n geneesheer is, weet egter nie meer hoe hy my vader kan help nie! Hy stuur my persoonlik na u toe omdat u as `n buitengewone geneesheer beskou word en siekes reeds in gevalle gehelp het waarin geen ander dokter nog `n geneesmiddel kon vind nie. Kom en genees my lydende vader, as dit nog moontlik is!'

[6] My vader sê daarop: 'As `n ander arts `n sieke reeds tot aan die dood gebring het, dan moet iemand soos ek weer `n wonderwerk verrig! Dit sou verder alles reg gewees het indien dit maar dadelik orals moontlik was! Ek sal met my enigste seun, wat hier by my staan en wat my moet begelei omdat hy die gawe besit om geeste te sien en in geval van nood selfs met hulle te praat, dan nou maar met jou saamgaan en sien wat daar moontlikerwys gedoen kan word. As jy egter `n paar pakperde saamgebring het, wat jou gouer hierheen en ons nou vinniger na hom toe sou gebring het, dan sou `n genesing makliker kon plaasvind. Maar indien die Hippokratiese doodstekens nou reeds by hom ingetree het, dan is genesing nie meer moontlik nie; want teen die mag van die dood is geen kruie opgewasse nie, nie op die Alpe nie en nog minder in een of ander tuin.

[7] Lasarus, die bode, was deur hierdie beslissing wel gerusgestel, maar dit spyt hom baie dat hy geen pakperde saamgebring het nie. Ons gaan nou egter tog haastig op pad, want as ons flink aanhou loop, het ons presies `n uur nodig om daar te kom.

[8] Terwyl ons in gedagtes versonke, swygend ons weg gaan, verdwyn die misnewels in die ooste heeltemal en dit word helderder en helderder - na ongeveer `n kwartier word dit selfs so lig soos ongeveer `n halfuur voor sonop. Dit wek ons belangstelling dermate dat ons ondanks alle haas tog moes bly staan om te sien waar hierdie vreemde lig wat al helderder geword het, tog wel vandaan kom.

[9] Ten slotte word dit egter heeltemal dag en bo die oostelike horison verrys werklik `n son, maar met `n baie groter snelheid as die normale, of - soos wat mens gewoonlik sê - die alledaagse. Maar by hierdie snelstygende ligverskynsel kom die onderste, oostelike einde, of te wel die oostelike rand, maar nie te voorskyn nie.

[10] Die ligverskynsel groei aan tot `n ligsuil, wat in enkele oomblikke sy top tot aan die spits omhoog skuif en weldra so `n lig en warmte versprei dat ons genoodsaak was om onder `n nog taamlik dig beblaarde vyeboom te gaan staan om nie verblind te word deur die lig, en nie te vergaan van die hitte nie. Maar al gou word hierdie ligsuil weer dunner en dunner en die lig verdwyn en daarby die groot warmte wat deur hierdie ligsuil veroorsaak is.

11] Na ongeveer `n korte kwartier was die ligverskynsel weg, maar ook ons gesigsvermoë, want toe die lig heeltemal verdwyn, word dit so aardsdonker en was ons gesigsvermoë sodanig verswak, dat ons nie eers die lantern van ons boodskapper goed kon waarneem nie.

[12] Eers na etlike dertig tellings het ons oë weer begin om die hoogsnodigste te sien en ons sien by die swak lig van ons lantern weer nouliks die pad wat ons moes volg. Die hele gebeurtenis het ons egter tog ruim `n halfuur gekos en my vader vra my dadelik of ek by hierdie ligverskynsel dalk ook geeste gesien het.

[13] En ek antwoord hom die hele waarheid: ‘In die lig, waarna ek deur die enorme ligsterkte tog al baie minder kon kyk as na die middagson, was niks te sien nie, maar wel benede by ons op die grond. Daar het vir my so half-en-half `n aantal gestaltes sigbaar geword - maar dié gaan almal asof hulle groot haas het na die weste; hul beweging was derhalwe van ooreenkomstige aard as dié van die ligverskynsel. Net één geesgestalte wat baie naby ons gekom het, was heeltemal sigbaar. Hy het `n ernstige uiterlike soos van `n bejaarde man gehad en skyn baie genot te hê van die ligverskynsel. Maar toe die hemelse ligfenomeen begin verdwyn, verdwyn die geesgestalte ook vinnig en vir goed, soos dit vir my gelyk het, ook na die weste, maar bietjie meer in die rigting van Bethanië!’ Meer sien ek nie en daarom kon ek my vader ook niks meer vertel nie.

[14] Ons gids verwonder hom oor my en my gawe as siener en glo wat ek vertel het, want hy dag dat my fantasie en verbeeldingskrag onmoontlik so `n digterlike hoogte kon bereik het dat ek daardeur so-iets sommer uit my mou sou kon geskud het. Daarin het hy dan ook heeltemal gelyk, want vindingryk was ek nog nooit gewees nie, en as seun en jongeling het ek byna geen fantasie of ook maar enige verbeelding besit nie, wel het ek uiters baie talent vir die leer van vreemde tale gehad.

[15] Onder hierdie beskouings, wat min gesê het, kom ons eindelik in Bethanië aan en daar in die vername huis van Lasarus, waar ons die sieke juis aantref tydens sy laaste krampagtige trekkinge, waarvan mens sê dat daar geen kruie meer teen opgewasse is nie.

[16] Die bed word omring deur twee wenende, origens baie lieflike dogters van die sterwende en nog `n aantal tantes en niggies, wat snik en ween soos wat dit by sulke geleenthede altyd gebruiklik is. Ons gids, as seun van die huis, ween ook saam en vergeet van louter droefheid om my vader te vra of daar nog iets aan te doen was of nie.

[17] Slegs die klein rabbi kom na my vader toe en vra of daar dalk tog nog iets gedoen kon word om die ou man, ook al was dit maar vir `n rukkie, by sy bewussyn te bring. My vader antwoord nie dadelik op die vraag nie, maar vra my

heel saggies hoe dit staan met die bejaarde man en of die siel hom dalk al uit die liggaam begin terugtrek en begin opstyg het.
[18] Maar ek vertel heel argeloos aan my vader wat ek sien: 'Die siel sweef reeds in haar geheel op halwe manshoogte horisontaal bo die liggaam en is maar net deur `n haardun ligdraad (**Prediker 12:6**) met die liggaam verbind, wat volgens die ervarings wat ons opgedoen het, waarskynlik geen sestig tellings meer sal duur nie; en dan sal dit dadelik breek. Dit is egter merkwaardig om te sien hoe die enorme ligsuil wat ons in die groot natuur met ons natuurlike oë gesien het, hom weer hier bo die kop van die siel vertoon, daarby dieselfde ligkrag het en ook `n uiters weldadige warmte uitstraal. Die siel wend sy oë nie af van die ligsuil nie en skyn baie welbehae daarin te vind.'

## Die rabbi probeer die ou Lasarus weer tot lewe bring

**135** Toe my vader my beskrywing gehoor het, wend hy hom dadelik tot die, al ietwat ongeduldig wordende, klein rabbi en sê: 'Vriend, soos wat ek dit nou sien, sou dit jammer wees om hom selfs net `n druppel lewensbalsem te gee, ook al is dit hóé sterk, want sy siel sweef al manshoogte bo die reeds so goed as heeltemal dooie liggaam. Hef daarom nou maar jou klaagpsalm aan en stel as priester die mense in kennis dat geen aardse hulp hier iets kan uitrig nie!'
[2] By hierdie verklaring lyk die klein rabbi `n bietjie suur en vra my vader hoe hy dit kon vasstel. Maar my vader was nooit te erg vriendelik nie en sê droogweg aan die klein rabbi in sy gesig: 'Hoe en waarom ek dit sien en weet, gaan jou niks aan nie; doen jy maar wat jy moet doen en ek weet baie goed en presies wat ek te doene het!'
[3] Op daardie oomblik kom die siel heeltemal los van die liggaam, verskeie verhewe geeste met `n wyse voorkoms neem hom dadelik in hul midde, gee hom `n wondermooi, geplooide gewaad wat lyk asof dit gemaak is van wit sydraad en één neem die ligsuil, buig dit om die lendene van die nou vrye siel en daaruit vorm daar `n gordel wat so helder straal soos die son. Terselfdertyd plaas `n magtige gees `n net so `n helder stralende kroon op die kop van die vrye siel en sê: 'Broer, wees vir ewig getooi met die lig van die Wysheid wat vanuit Elohim in jou straal!'
[4] Hiermee verlaat egter alle aanwesige hoë geeste tesame met die nou vry geworde siel onmiddelik die huis, wat ek dadelik aan my vader meedeel en my vader sê aan die rabbi: 'Wel, noudat die siel van die bejaarde man volledig geskei is van sy liggaam, gaan jy tog wel na die mense wat hulle byna blind ween, om hulle te vertel dat die bejaarde man heeltemal dood is?'
[5] Toe sê die klein rabbi: 'En waarom dan! Nou sal ek hom eers `n lewegewende druppeltjie op die tong gee en dan sal ons dadelik sien of sy siel – op voorwaarde dat daar `n siel as sodanig in die menslike liggaam aanwesig is - wel regtig reeds uit die liggaam gegaan het! Volgens my mening, wat op baie ervaring berus, het geen enkele mens `n siel wat met `n eie geestelike lewe verder reik as die lewe van die bloed en die senuwees nie. Die mens is, as hy eenmaal dood is, net so dood soos `n klip of `n uitgedroogde stuk hout en by alles wat ek heilig kan noem, sweer ek vir jou dat daar dan in die mens niks meer bly lewe nie. Maar daar is nog geheime middele in die natuur om die lewe in die byna dooie liggaam opnuut op te wek, en dit wil ek nou doen en vir jou, starre Judeër, sal ek bewys dat die siel nog lank nie uit sy liggaam gegaan het nie en ook nie kan gaan nie, omdat daar nooit so-iets soos `n siel daarin gewoon het nie!'
[6] Toe haal die rabbi `n goue flessie uit die sak van sy mantel, laat dit deur my vader sien en sê: 'Hier, vriend, kyk! Daarin sit die siel van `n mens wat al dood is!'
[7] My vader sê glimlaggend: 'Gaan maar jou gang! My hele groot besitting wat jy goed sal ken, is joune as die dooie hom ook maar enkele oomblikke beweeg as gevolg van die druppels wat jy hom gee, want jou geheime middel ken ek. Ek besit dit ook en dit het my by skyndooies al baie goeie dienste bewys; maar by skyndooies bevind die siel hom nog lank in die liggaam. Daarom kan hierdie geheime middel by alle gestorwenes wat nog geen Hippokratiese simptome vertoon nie, baie nuttig gebruik word; maar as die gesig van `n oorledene eenmaal oorduidelik die Hippokratiese tekens vertoon, dan het die siel vertrek en dan kan jy in die dooie tienduisend van sulke flessies leeg giet sonder dat die liggaam hom sal begin beweeg, maar dit sal volkome dood en ongevoelig bly lê soos `n klip of `n verdroogde stuk hout. Maar begin nou jou proef met jou egte Persiese varingolie, en soos wat ek hier in die teenwoordigheid van getuies gesê het: My besitting is vanaf daardie oomblik alles joune waarop hierdie dooie, wat nou al so saggies `n geur van ontbinding begin versprei, ook maar één reaksie op jou druppels laat sien!'
[8] Die klein rabbi is weliswaar `n bietjie onthuts deur hierdie kragtige teenspraak van my vader se kant af, maar gaan tog na die dooie, open sy mond en laat, in plaas van die normale twee tot hoogstens drie druppels, tien druppels op die reeds heeltemal uitgedroogde tong val. Daarna sluit hy die mond weer en wag met volle aandag op enige beweging van die dooie. Maar `n volle uur verstryk en nog `n volle uur, dit begin al heeltemal dag word en die dooie maak nog geen aanstaltes om hom te beweeg nie.
[9] Dan vra my vader die klein rabbi of hy nog van mening is dat die dooie deur sy egte Persiese varingdruppels sal begin beweeg en miskien selfs sal begin praat.
[10] Die klein rabbi sê: 'Laat ons nog `n uur wag, laat ons op die sonsopkoms wag, dan sal die dooie wel begin beweeg; hy sal ook praat!'
[11] My vader sê, nogmaals glimlaggend: 'Gaan jou gang, ek sal daar niks op teë hê nie; inteendeel, ek bied graag my besittings aan vir die terugwin van die lewe van **hierdie ou, godvresende, eerbare man, wat ek baie goed geken het**! En as jy verloor, verlang ek van jou maar net dat jy glo in die ware, ewig lewende Elohim van Abraham, Isak en Jakob en aan die volle onsterflikheid van die menslike siel!'
[12] Die rabbi sê: 'Ja, vriend, dit wil en sal ek; maar ek sien al by voorbaat dat jy by hierdie transaksie sal verloor! Want ek behoort in die geheim tot die intellektuele sekte van die Sadduseërs, en ek sou my tempelwyding wel na Afrika se groot sandwoestyn wou verwens! Maar mag jy nou werklik wen, dan sal dit my regtig weer goed doen om met huid en haar aan die tempel te behoort!'
[13] Toe word almal stil en kyk verlangend uit na die oomblik dat die ou Lasarus weer lewend sou word."